Sondag 5 Maart (Oosdoppers)

Maleagi 3: 6 – 12 (* vers 6 en 7)

Psalm: 66: 1 en 2
Psalm: 116: 1 en 10
Psalm: 40: 3 en 4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Israel is teleurgesteld - en weet u in wie ? - in God ! Hy het teenoor ons verander, het hulle gesê. Hy het ons nie meer so lief soos vroeër nie. Kyk maar na die omstandighede waarin ons onsself bevind. Pas, enkele jare tevore het ons teruggekeer uit die seer jare van die ballingskap. En hier is ons nou: As gevolg van 'n knellende droogte is daar weereens 'n misoes oppad. Die bietjie wat op die lande oorbly, sal deur 'n sprinkaanplaag afgeoes word. Hoekom laat die Here toe dat dit met ons gebeur ? Hy het verander in Sy optrede teenoor ons. God het verander !

Somtyds voel 'n mens tog so, nie waar nie. Waar is die Here dan nou ? Soms voel 'n mens so verlate en weerloos; uitgelewer aan omstandighede. Soms word 'n mens se lewe so heen en weer geslaan deur die golwe van 'n stormagtige tyd, dat 'n mens werklik begin dink dat die Here verander; - dat Hy teruggaan op Sy Woord; - dat Hy ons nie meer liefhet soos vroeër nie. Ek meen, - kyk maar net wat gebeur met ons elke dag. Kyk na ons eie knellende droogte, die onrus en geweld; die onsekerheid; - die siekte en beproewinge wat ons teister. Is dit nie 'n bewys dat God teenoor ons verander het nie ?

Nee, is die antwoord van God deur Sy profeet Maleagi. Dit is nie Hy wat verander het nie. Sy Naam is tog "Ek is wat Ek is". Hy kan nie verander nie. In Sy Almag en uitverkiesende liefde het God presies dieselfde gebly. Hy is nogsteeds dieselfde God wat vir Moses gestuur het om hierdie ou volkie uit Egipte te lei. Ek is wat Ek is, het Hy Homself toe alreeds aan hulle bekendgemaak. Hy is nogsteeds dieselfde in Sy liefde en genade teenoor hierdie volk wat Hy uitverkies het. Hy is steeds vir hulle 'n sorgsame Herder wat hulle met groot liefde en toewyding regeer. Nee, Hy het nie verander nie. As Hy teenoor hulle verander het, sou hulle nou heeltemal vernietig gewees het, - en hulle is nie ! Die benouende omstandighede waarin hulle hulleself bevind is eerder 'n bewys daarvan dat hulle verander het. En dit is wat die Here nou aan hulle gaan uitwys. Nie Sy toewyding aan hulle nie, maar hulle toewyding aan Hom is verdag ! Ja, dit is die probleem. In hulle toewyding aan God het hulle verander. So ernstig, dat God beweer dat hulle besig is om Hom te beroof. Is dit moontlik ? Ja, dit is. Hulle gebrek aan toewyding tot God, kan vergelyk word met diefstal van God.

Voordat ons, a.g.v. beproewende omstandighede beweer dat God in Sy toewyding teenoor ons verander het, moet ons eers hand in eie boesem steek en ons toewyding aan Hom beoordeel. Dalk - en die kanse is baie groot, - staan ons ook as rowers voor God vanoggend !Mense wat van God steel ! Wat word daarmee bedoel ? Die volk wou ook weet wat die Here nou eintlik vir hulle wil sê.

Hoe word 'n mens se toewyding aan God sigbaar ? Waaraan kan 'n mens se toewyding aan God getoets of gemeet word ? Hoe bepaal 'n mens dit ? God het Self in die Ou Testament 'n toets daarvoor aangelê. Hy het van al die kosbare seëninge wat Hy aan die volk gegee het, 'n deel (die beste deel) weer terugverwag. As Hy Sy volk geseën het met 'n goeie oes op die land, dan moes hulle die eerstelinge van daardie oes, aan God teruggee deur middel van 'n offer. As hulle 'n sterk en gesonde kudde opgebou het, moes hulle die beste deel, aan die Here offer. Hoekom ? Om Hom daarmee as Gewer van hierdie

gawes te erken en daarmee hulle toewyding en dankbaarheid teenoor God te betoon. Dit is waar hierdie bepaling van die tiendes ter sprake kom. 'n Tiende uit alles wat God aan hulle gee, moes hulle weer aan Hom teruggee.

Nou maar hoe het hulle God dan beroof ? Hulle het nie die volle tiende aan die Here gegee nie. Hulle het vir hulleself teruggehou. Dit wat Hy moes kry, het hulle nie gegee nie. En dit wat hulle wel gegee het, was sieklik en gebreklik ! Wat word dus sigbaar van hulle toewyding aan God en hulle dankbaarheid vir al Sy seëninge en gawes ? Dat hulle God beroof daarvan. Dit wat Hom toekom - het ontbreek ! Dit wat Hy moes gekry het, - Hy het die reg en die aanspraak daarop, - het hulle teruggehou ! Nee, God het nie verander nie; die volk het verander. In huille toewyding aan God het hulle Hom besteel.

Ons hoef nie te twyfel aan God se liefde nie. Ons hoef Hom nie in die beskuldigdebank te plaas, asof Hy in Sy toewyding en liefde aan ons verander het nie. Die kruis van Golgota is mos die bewys dat die Here ten volle toegewyd was aan die saak van ons redding en verlossing. Vanaf die sondeval het Hy redding belowe en het Hy dit uitgevoer, ten volle. Ons is nie vernietig nie. Ons het nie te gronde gegaan nie. Hy het ons gered soos Hy belowe het. Hy het alles gegee wat nodig was, - die beste en die kosbaarste offer denkbaar. Sy eie Seun Jesus Christus. Hy het nie teruggehou nie. Hy het selfs Sy Heilige Gees in volle mate uitgestort met Pinkster. Juis daarom kan God van ons vra: "...Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen ..." (Romeine 12: 1). Die Here het reeds die beste gegee; - en vra nou, - netsoos in die Ou Testament, nou ook ons beste ! Jou hele lewe. Ja, wanneer ons jou toewyding aan die Here meet, dan moet dit duidelik wees dat jy niks terughou nie, dat jy werklik die beste deel van jou lewe aan Hom opoffer uit dankbaarheid. Die beste deel van jou tyd, - jou finansies, - jou gawes en talente. Dit wat jy terughou (ek sou so graag meer wou gee, maar jy weet ...), dit steel jy van God ! As jy nie vir Hom gee wat Hom toekom nie, is jy besig om die Here te beroof ! Maar ek kan nie meer gee nie, want ons lewe in moeilike tye. Gee sê God, - en Hy sal vir die res sorg ! "...Soek eers die Koninkryk van God en alle ander dinge sal vir jou bygevoeg word..." (Mattheus 6: 25 - 34). Glo jy, volgens dit wat jy menslik verwag, of volgens dit wat God belowe ! Ek kan nie gee nie, want ek gaan dit nie maak nie ... Gee, - toets My hierin sê die Here ! Geloof is om God op Sy Woord en Sy beloftes te neem. Gee die Here wat Hom toekom, en Hy sal vir jou gee wat jy nodig het ! Die vraag is nie wat moet ek vir God gee nie, maar wat mag ek vir myself terughou ? Hy wat God beroof, sal vind dat hyself noustrop trek.

God het nie verander nie, want ons is nie vernietig nie, Hy het Sy liefde en toewyding aan ons bewys, deur ons in Jesus Christus te verlos. Ons benouende lewensomstandighede met al sy kommer en kwelling is eerder 'n bewys dat ons in ons toewyding aan God verander het en besig is om Hom te beroof van dit wat Hom werklik toekom. Die beste deel van ons lewe en menswees. Glo u Sy belofte ? Toets Hom dan. Gee God die beste deel van elke aspek van jou lewe - en Hy sal gee wat jy nodig het.

Amen.